

## Besige brandseisoen agter die rug

HESSEQUA NUUS – Met 191 beheerde brande deur grondeienaars, 101 onbeheerde brande, 18 groot veldbrande, 42 dae van effektiewe brandbestryding tydens die 18 groot vure en nege beheerde brande deur die 'Southern Cape Fire Protection Association' (SCFPA) en 'Working on Fire' (WoF)- spanne was dit 'n bedrywige seisoen.

Charl Wade, (SCFPA bestuurder, westelike streek, Riversdal) noem aan Suid-Kaap FORUM dat alhoewel die weer besig is om vinnig te verander is daar steeds warm dae met koue nagte, "die provinsiale voorgestelde brandseisoen vir die afgelope jaar was vanaf 1 Desember 2012 tot 30 April 2013". Wade noem dat die plaaslike SCFPA en ander brandbestryding rolspeleers egter die hele Hessequa streek, sowel as die groter

Eden munisipale distrik as 'n heeljaar brandseisoen of brandgevaar sien. "Veral in Hessequa met die warm bergwinde tydens herfs en winter asook die skielike weersveranderinge regdeur die jaar, maak dit 'n 12 maande risiko area". Volgens Wade is die lughulpbronne wat gedurende die amptelike brandseisoen gebruik is, terug noorde toe om daardie areas in hul brandseisoen by te staan, maar het hulle steeds die SCFPA se grens lugbystand beskikbaar in geval van nood.

### SCFPA grensgebied

Wade verduidelik dat die SCFPA se grensgebied die hele Eden munisipale distrik beslaan, sowel as areas van Tsitsikamma in die Oos-Kaap. "Die SCFPA area is in twee gedeeltes, en die Riversdal kantoor dek die area van Groot Brakrivier in 'n westelike rigting, tot en met die Breërivier en dan oor die Langeberge tot teen die Swartberge".

### Betrokkenheid gevra

Wade moedig grondeienaars aan om aan te sluit by die plaaslike SCFPA, "Lidmaatskap van grondeienaars vanaf Desember 2012 tot op hede het met 23% toegeneem". Volgens Wade is grondeienaars se reaksie tydens formele en informele interaksies teenoor die SCFPA ongelooflik en is hulle baie dankbaar daarvoor.

"Lidmaatskap is egter 'n druppel in die emmer, in die Hessequa streek is net 6% van grondeienaars lid van die SCFPA, ons moedig grondeienaars wie nie lede is nie, om betrokke te raak by die SCFPA". Wade moedig grondeienaars aan om gerus te gesels met grondeienaars wie reeds lede is rakende die diens wat met brandbestryding gelewer word. Wade noem dat met spanwerk en goeie buurmanskap is daar die afgelope somer seisoen brande saam bestry en het die goeie werksverhouding sonder twyfel katastrofiese brande in die Hessequa streek afgeweer. "Dankie aan die Hessequa munisipaliteit, plaaslike wetstoepassing, Hessequa verkeer en almal wat betrokke was die afgelope seisoen".

### Kontakbesonderhede

Persone wat belangstel om meer te leer oor die SCFPA of om aan te sluit as lid is welkom om die brandweerstasie te besoek (langs die Wimpy in Riversdal) of skakel 028 713 1987 vir meer inligting. Kontak gerus vir Charl Wade by 079 4855 320 vir 'n afspraak vir enige inligting met betrekking tot die SCFPA, brandbestryding en beheerde brande.

### Statistiek

\*191 beheerde brande is deur grondeienaars gedoen, met die nodige permitte uitgereik deur die Eden brandweerkantoor op Riversdal, na brand inspeksie voltooi is.

\*101 wilde/onbeheerde brande is aangemeld, waarvan 18 groot vure was waarby die SCFPA/WoF spanne direk betrokke was. Kleiner vure was ook in samewerking met die plaaslike brandweer effektief bestry.

\*42 dae se aktiewe brandbestryding is in beslag geneem tydens 18 groot vure.

\* Nege beheerde brande is met groot sukses deur die SCFPA/WoF spanne gedoen.

### \*IN SHORT

*Landowners that are interested in joining the 'Southern Cape Fire Protection Association' (SCFPA) are welcome to either visit the fire station in Riversdale (next to Wimpy) or contact the manager, Charl Wade at 079 4855 320 or 028 713 1987. He can assist landowners with information on the SCFPA, fire protection and controlled fires or visit [www.scfpa.co.za](http://www.scfpa.co.za) The SCFPA*

*were involved with 191 controlled fires, 101 wildfires which were reported of which 18 were big fires where the SCFPA/WfF teams and the local fire brigade effectively brought the fires under control. The SCFPA teams did 42 days of effective fire fighting during these 18 fires. The teams also successfully handled nine controlled fires.*